e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 Junie 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 21

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Wat is nou aan die gang in die Hervormde Kerk?

It was the best of times, it was the worst of times…
(Charles Dickens, *A tale of two cities*)

Die bekende eerste paragraaf van Charles Dickens se *A tale of two cities* sou goedskiks ook vandag op die Hervormde Kerk van toepassing kon wees. Dit is vir ons 'n besonder moeilike tyd waarin medegelowiges skerp van mekaar verskil, en tog is dit ook vir ons 'n tyd waarin ons die kosbare genade van God en die liefdevolle ondersteuning van medegelowiges daagliks ervaar.

Die Hervormde Kerk het 305 gemeentes wie se onderlinge geloofsband in meelewing, kerklike vergaderings en 'n gemeenskaplike binding aan die Woord, belydenisskrifte en Kerkorde gestalte kry. Ongelukkig weier 'n klein groepie ampsdraers en 'n paar gemeentes om besluite van die Algemene Kerkvergadering (AKV) te eerbiedig, weerhou hulle die oorbetaling van sinodale offergawes (heffings), en tree hulle na willekeur op in stryd met die Kerkorde. In sommige gemeentes word die briewe van die Kommissie van die AKV van lidmate weggehou, en weier ampsdraers om verteenwoordigers van die Kommissie of ringskommissies te ontvang of in gemeentelike vergaderings spreekbeurte te gee.

Op 2 Junie 2012 het die sogenaamde steedsHervormers 'n formaliseringsvergadering gehou waar hulle 'n *Staat van Belydenis* aanvaar het waarin hulle die Hervormde Kerk van dwaling beskuldig. Hierdie ongehoorde stap het die verdeeldheid in die Kerk op die spits gedryf en aanleiding gegee tot die Kommissie se Herderlike Skrywe van 13 Junie.

Na afloop van 'n volgende vergadering wat die sogenaamde steedsHervormers op 16 Junie 2012 gehou het, het hierdie verdeeldheid begin uitloop op afskeiding. Sedertdien het drie predikante uit die amp en ook as lidmate van die Hervormde Kerk bedank. Dit het nou aan die lig gekom dat hierdie persone voortgaan om in hul voormalige gemeentes te werk, en dat hierdie gemeentes se kerkrade meen dat hulle bloot as "onafhanklike gemeentes" kan voortbestaan. Daarby het hierdie gemeentes reeds hul gemeentelike eiendomme, skynbaar onder vals voorwendsels en wederregtelik, aan ander eienaars oorgedra. Dit lyk dus asof sommige kerkrade of ampsdraers reeds geruime tyd gelede in die geheim met hierdie aksies begin het!

Terselfdertyd het die sogenaamde steedsHervormers en die Hervormde Kerkvereniging die Kerk voortdurend met regsaksie gedreig. Die jongste hofaansoek teen die Kerk is ingedien toe die Kerk op die punt gestaan het om op kerkordelike wyse 'n klag teen ds Jaap Steenkamp (Potchefstroom Die Wilge) aan te hoor. Dit wil die Kerk verhoed om kragtens ons Kerkorde teen lidmate en ampsdraers op te tree. Dit laat die Kerk met geen ander uitweg nie: Die Kerk gaan die saak in die hof teenstaan. Die hofsaak sal na verwagting gedurende Augustus aangehoor word, en alle ander hangende dissiplinêre sake in die Kerk word daarom voorlopig teruggehou.

Natuurlik is daar nou lidmate wat hulle in onbenydenswaardige posisies bevind, en die Kerk het groot deernis met hulle. Die Kommissie wil dit duidelik stel dat Hervormde gemeentes nie op onkerkordelike wyse opgehef of uit die Hervormde kerkverband geneem kan word nie.

Lees verder op bladsy 2

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

Vanaf bladsy 1

Al die betrokke gemeentes bestaan voort, selfs al is die gemeentes se eiendom wederregtelik vervreem. Die Kerk is besig met regstappe om die gemeentes se eiendomsreg te herstel. Ringskommissies het reeds die inisiatief geneem om alternatiewe eredienste vir die lidmate van hierdie gemeentes te reël.

Lidmate in enige van hierdie gemeentes wat van hul kerkgeboue uitgesluit word, of wat prediking en sakramentsbediening deur geordende predikante van die Hervormde Kerk ontsê word, word genooi om hul konsulent of ander predikante in hul ring te kontak. U kan mev Marié van Niekerk by die Sinodale Kerkkantoor kontak by 012 322 8885 x254, of 'n e-pos stuur na nhk@nhk.co.za. Kontakinligting is ook op die Kerk se webblad by www.nhka.org beskikbaar. Lidmate wat binne hierdie gemeentes se grense woon en wat deel wil bly van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, word versoek om op een van hierdie maniere met die Kerk kontak te maak.

Dit is nie net 'n slegte tyd vir die Hervormde Kerk nie. Dit is ook 'n goeie tyd waarin lidmate en ampsdraers gedwing word om diepe erns te maak met die Woord van die Here en hul solidariteit met die Kerk. Dit is inderdaad 'n tyd waarin gelowiges se bemoediging van mekaar van besondere groot waarde is. Die Kommissie bedank die groot aantal ringsvergaderings, gemeentes, ampsdraers en lidmate wat vir hulle voorbidding doen en boodskappe van bemoediging en ondersteuning stuur. Ons bid ook vir julle, en ons bid dat ons Hemelse Vader Hom oor ons Kerk en al haar lidmate sal ontferm.

Moderamen, Kommissie van die AKV

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Lidmate van gemeentes waar 'n kerkraad moontlik met meerderheidstem besluit het om kerklike eiendom te vervreem en andersins in stryd met die Kerkorde optree, se lidmaatskap van die Hervormde Kerk kan daardeur in die gedrang kom. Lidmate wat deel wil bly van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, word versoek om op een van die volgende maniere met die Kerk kontak te maak:

- SMS jou naam, gemeente, kontaknommer en e-pos adres na 074 406 6303 (slegs SMS'e, nie oproepe nie). Die Sinodale Kerkkantoor sal jou binne 7 dae kontak.
- Telefonies: Skakel mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x254.
- Stuur 'n e-pos na **nhk@nhk.co.za**.
- Kontak jou gemeente se konsulent, of 'n ander predikant in die ring. Hul inligting is op die Kerk se webblad beskikbaar by **www.nhka.org** (onder So werk ons / Predikante).

Die Kerk sal hierdie inligting met groot sensitiwiteit hanteer.

- **Ds Colin Hertzog** van Gemeente Middelburg-Noord en sy vrou, Annelie, se laatlamdogtertjie Lienkie is Dinsdagoggend 26 Junie om 07:00 gebore. Hul ander twee kinders is reeds in die hoërskool. Lienkie is pragtig en dit gaan goed met die baba en die ma. Baie geluk!

- **Ds Pierre Kotzé** van Gemeente Piet Potgieter skryf: *Dra asseblief my en my gesin se hartlike dank oor aan almal wat ons ondersteun het tydens my onlangse siekte. Ds Japie Coetzee het my kom besiel met sy entoesiasme vir sy werk, en oudkatkisante het kom wys dat hul Bosveld-opvoeding nie verlore gegaan het in die stad nie. My gemeente is onvervangbaar dierbaar en het my so bedagsaam hanteer. Dankie vir al die gebede!*



- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Gesinsgerigte gemeentebediening: Gedagtes vir die praktyk.** Hierdie is die laaste van 4 insette wat verwys na die GGG-artikel in *Konteks* van Junie. Gesinsbediening gee vir ons 'n lens om die waardevolle verwantskap tussen gesin en gemeente te ontdek en te ontwikkel, sodat ons mense so effektief moontlik in die geloof kan begelei tot 'n dankbare en verantwoordelike geestelike lewe. Die *gesinsgesentreerde gemeente-ondersteunde* benadering (tweede paradigma) stel die uitdaging aan gemeentes om:
  - 'n gesinsvriendelike omgewing te skep en in stand te hou; en
  - 'n aantal forums/bedieninge in die gemeente te skep waarmee huisgesinne bemagtig word vir hul dienswerk.

  Riglyne vir gesprek hierdie week:
  - Is gesinsbediening 'n totaal nuwe perspektief op gemeentebediening wat vreemde implikasies vir die plaaslike gemeente inhou?
  - Watter plek sal 'n *werkgroep vir gesinsbediening* in die bedieningsplan van die plaaslike gemeente inneem? Wat sou struikelblokke wees om aan so 'n groep gestalte te gee in die gemeente?
  - Hoe kan die *Konteks*-artikel van Junie en die insette in die afgelope 4 *e-Hervormers* die gesprek oor gesinsbediening in die plaaslike gemeente aanhelp?

  Die GGG-werkspan wil gemeentes aanmoedig om 'n werkgroep in die gemeente te vestig wat met die waardevolle gesprek oor gesinsbediening in gemeentes kan leiding gee. Die werkspan wil veral behulpsaam wees met advies, leiding, hulpmiddels en resente inligting op die gebied van gesinsbediening. Kontak ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035 indien u 'n lid van die Raad vir Gesinsbediening vir gesprek na u gemeente of ring wil nooi. Seënwense aan elke gesin!

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Baie bejaardes kom selde uit die huis. Nooi gerus die bejaardes in jou gemeente en omgewing om af en toe saam met jou êrens 'n koppie tee of koffie te gaan drink.
  Gaan na **www.diakens.co.za** vir meer inligting oor bejaardesorg.

- **Bejaardes en gestremde persone in Pretoria:** Munisipale korting word toegestaan deur die *City of Tshwane*. Gaan na **www.diakens.co.za** en kyk regs by 'Warm brood' vir die aansoekvorm.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie.**

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**, of kontak hom by 072 633 3367.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en

’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- Predikante wat kans sien om ’n Sondag in **Harare** te preek, kan ds Theuns Botha kontak by **camelhors@gmail.com** of tel 00263 777008324. Ds Botha hou een erediens per maand in Harare, en die gemeente wil graag meer predikante uitnooi om by hulle te kom preek. Predikante hoef **net die Sondag om 10:00** die erediens waar te neem. Indien die ring of gemeente nie die koste kan dra nie, is die gemeente bereid om daarmee te help. ’n Gemeentemotor is beskikbaar en huisvesting word gereël. Vliegkoste wissel maar beloop ongeveer R4 500 per besoek. Die gemeente het groot waardering vir die Kerk se hulp en bydraes in die verlede.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 Julie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 28 Junie: Di Coen de Lange (emeritus) en Elsie Pretorius (Weltevreden)
  - Saterdag 30 Junie: Ds Koos Jansen van Rensburg (emeritus)
  - Sondag 1 Julie: Di Willie Barnard (Lydenburg), Marlize Gasson (Benoryn) en Maryka Potgieter (Rooihuiskraal)
  - Maandag 2 Julie: Di Wynand de Beer (emeritus) en Martin Jansen van Rensburg (Phalaborwa)
  - Woensdag 4 Julie: Ds Flip Snyders (Noordelike Pietersburg)
  - Donderdag 5 Julie: Prop Carusta van der Merwe (beroepafwagtend)

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Pretoria-Oos Damesbediening: Toerusting**
  Kniel deur jou krisis
  Saterdag 28 Julie om 09:00
  Kerkgebou, Delyweg 100, Waterkloofpark
  Spreker dr Eugene Kemp
  R20 per persoon
  Bespreek teen 20 Julie by:
  Gemeentekantoor 012 460 8441
  Gerda van der Merwe **gerdavdm2@gmail.com**
  Elsa Geldenhuys **elsageldenhuys@gmail.com**

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**
  Diploma in Himnologie 2012-2013
  Let op veranderde datum vir eerste byeenkoms: 15 September 2012
  Kursusfooi R800 per persoon per jaar
  Skakel met dr Elsabé Kloppers by **iksa@absamail.co.za** of 012 429 6589 (k)

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**
  Vrydag 6 Julie om 18:00
  Scottstraat 3

Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys
Eet soveel jy kan!
Driegang maaltyd, spitbraai as alternatief
Kontantkroeg
Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  Baie sterkte aan die 40 studente!
  Vertrek op 30 Junie uit Pretoria om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Besoek Kempton Park, Drie Riviere, Vanderbijlpark, Sasolburg, Parys, Welkom, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp, en is op 14 Julie terug in Pretoria
  Besoek **www.philadelphia.co.za** vir meer inligting

- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand**
  Vrydag 20 Julie
  Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200
  Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong
  Verskeidenheid biltonge, cabanossies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte
  Veiling sal gehou word
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
  Bespreek vroegtydig!

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Junie: Diakonie van Gemeente Losberg in Fochville Boeremark**
  Stalletjies te huur R50, met krag R100
  Handgemaakte kunswerke, handwerk, naaldwerk, houtwerk, stokperdjies, vars produkte, blomme, boeke, ens
  Kosstalletjies slegs deur die Hervormde en Gereformeerde kerke afsonderlik
  Boeremark ook op 4 Augustus, 8 September, 29 September en 1 Desember

Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
Fondse gaan vir barmhartigheid

ANDER NUUS

- **VAKATURE VIR PLEEGOUERS IN DIE DPS-HUIS RUSTENBURG**
  Datum van diensaanvaarding gedurende die derde kwartaal van 2012
  Aansoeke sluit 8 Julie 2012

  Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk
  - Goeie gesondheid
  - Aanvoeling vir kinders

  Benewens maandelikse kontantvergoeding ook gratis inwoning in die DPS-huis

  Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 of 079 495 2007 of kinderhuise@nhk.co.za
  Ds Johan van Wyk: 014 592 1779 of 082 577 4091 of vanwyka@mweb.co.za

  Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

- **Beeld-Kinderfonds 2012**
  Die kompetisie deur Beeld-Kinderfonds om fondse vir die versorging van kinders in te samel, het op 15 Junie afgeskop. Die **kaartjies beloop R25** elk, waarvan R12,50 aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal word. Onder andere 'n Peugeot 107, 'n seereis op MSC Sinfonia, 'n vakansie by Go Wild Resorts asook R50 000 in kontantpryse kan gewen word. Kaartjies is beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** se kantore asook by hul hoofkantoor en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **Die Ondersteuningsraad (OSR)** bied vanjaar weer vir minderbevoorregte tieners 'n kamp aan te Mooikrans Equus in Amersfoort. Die kamp sal hierdie keer langer wees (Sondagoggend 30 September tot Vrydagmiddag 5 Oktober 2012), weens die intensiewe program wat vir die kinders aangebied gaan word. Die koste beloop **R850 per kind** wat die busvervoer, etes, aanbieding van die program, gebruik van toerusting, ensovoorts, insluit. Die kinders word onder andere geleer om perd te ry en perde te versorg, wat op sigself 'n terapeutiese doel vir gebroke kinders het. Aangesien hulle nie vir hulself kan betaal nie, word fondse benodig om die kinders te borg. Persone wat 'n **kind wil borg of 'n donasie wil maak**, moet asseblief vir Suzanne van Deventer van die Pretoriakantoor by 012 325 2320 of **oraad@telkomsa.net** kontak om die nodige reëlings te tref. Die bankbesonderhede is soos volg:

  Die Ondersteuningsraad
  ABSA
  Tjekrekening
  Rekeningnommer: 000602795
  Takkode: 323 345
  Beskrywing: Kampfonds

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Kontak ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **Bybelgenootskap: Gholfdag**
  Dinsdag 9 Oktober: Gelyktydige begin 11:00
  Serengeti-gholfklub
  Betterball Stableford
  R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)
  Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208
  of **jenene@serengeti.co.za**

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dit voel kompleet asof 'n mens in die middel van 'n egskeiding sit met ouers wat baklei oor wie die kinders kry en wie die eiendomme kry... "

Namens Bedieningskomitee, Gemeente Van Der Hoff

SMS-nommer vir lidmate wat hul kontakinligting vir die Sinodale Kerkkantoor wil stuur:

074 406 6303

Stuur jou naam, gemeente en kontaknommer

"Skokkend om op RSG te hoor dat die steedsHervormers die NHK van dwaalleer beskuldig. Hierdie leuen word die wêreld ingestuur omdat ons erken het dat apartheid nie teologies regverdigbaar is nie. Dit is nie 'n oorwinning vir linkse politiek nie maar 'n terugkeer na God se wil. Jesus word nou met 'n verdraaiing in plaas van 'n soen verraai. Dit is absurd om 'n wêreldse hof te kry om 'n kerkbesluit omver te gooi. As gewone lidmaat ondersteun ek die Kommissie: Liewer die nou pad volg, al moet ampsdraers onthef word, as om mense verder te verwar." *(Verkort)*

Nicolaas Jacobs

"Ek het laasjaar belydenis afgelê, maar voel vreemd in die Kerk. Wanneer gaan ons weer kerk wees soos Jesus wil hê? Jongmense het net van apartheid gehoor, nou verlaat mense die Kerk daaroor. Terwyl almal baklei, loop jongmense na ander kerke om voedsel vir die gees te kry. Waar is die Kerk oor 50 jaar wanneer dié wat nou so baklei nie meer vuiste kan rondswaai nie en hier nie meer jongmense is nie? Watter voorbeeld stel ons vir die kinders van ons Kerk en vir ongelowiges daarbuite? Wat sou Jesus sê as Hy vandag die kerk sou instap?" *(Verkort)*

Rudi Janse van Rensburg

AGTERBLAD

Almanak en *Bybelse Dagboek* vir 2013

Die *Almanak/Bybelse Dagboek* vir 2013 neem tans vorm aan by SENTIK.

In sy voorwoord tot die *Dagboek* skryf dr Gert Malan: *Elke dagstukkie neem 'n teks uit die verlede van God se handelinge, bring dit in verband met ons hede, en gee ons daardeur hoop vir die toekoms as God se toekoms vir ons. God se toekoms bied die verwagting dat God in elke nuwe dag en oomblik weer na ons toe kom en ons ontmoet.*

Daar is nog gemeentes wie se opgedateerde inligting vir die *Almanak* nie ontvang is nie. Ons versoek vriendelik dat dit teen Woensdag 4 Julie gestuur word aan mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za**.

In 'n onsekere en moeilike tyd in ons Kerk se geskiedenis, is dit steeds 'n vreugde wanneer mense ongestoord voortgaan met hul dagtake. SENTIK se publikasies verskyn met hul gewone stiptelikheid, en lidmate kan staatmaak op net die beste diens wanneer hulle met die Sinodale Kerkkantoor skakel.

Navrae oor SENTIK se publikasies kan gerig word aan mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx